Sokker ook by wynfees

Stellenbosch. – Besoekers aan die Stellenbosse Wynfees hoef nie bekommerd te wees dat hulle 'n Wêreldbeker-sokkerwedstryd sal misloop as hulle die fees bywoon nie.

Verskeie van die wynlandgoedere wat van 1 tot 5 Julie aan dié fees deelneem, onder meer Spier en Delheim, bied feesgangers die geleentheid om sokkerwedstryde op groot skerms te sien.

Van die wynlandgoedere het reeds die grootskerm-TV's opgerig.

Volgens me. Delaine Fortuin van die Webersburg-wynlandgoed het hulle tot dusver met hul grootskerm-TV nie die reaksie gekry wat hulle graag wou hê nie.

"Die koue het dalk iets daarmee te doen, maar ons dink Kaapstad is 'n groter trekpleister. Daar is meer aksie as hier," het Fortuin gesê.

Hulle hoop egter om 'n goeie toeloop gedurende die wynfees te hê. – **Blanché de Vries**